Government Gazette
Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Regulation Gazette No. 9612 *Regulasiekoerant*

Vol. 556 Pretoria, 25 October / Oktober 2011 No. 34710

IMPORTANT NOTICE

The Government Printing Works will not be held responsible for faxed documents not received due to errors on the fax machine or faxes received which are unclear or incomplete. Please be advised that an "OK" slip, received from a fax machine, will not be accepted as proof that documents were received by the GPW for printing. If documents are faxed to the GPW it will be the sender's responsibility to phone and confirm that the documents were received in good order.

Furthermore the Government Printing Works will also not be held responsible for cancellations and amendments which have not been done on original documents received from clients.

CONTENTS • INHOUD

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
	GOEWERMENTSKENNISGEWING		
Gesondheid, Departement van			
Goewermentskennisgewing			
R. 893	Wet op Gesondheidsberoepe (56/1974): Regulasies wat die bestek van die beroep sielkunde omskryf: Wysiging....	3	34710

GOEWERMENTSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

No. R. 893 **25 Oktober 2011**

WET OP GESONDHEIDSBEROEPE, 1974 (WET NO. 56 VAN 1974)

REGULASIES WAT DIE BESTEK VAN DIE BEROEP SIELKUNDE OMSKRYF: WYSIGING

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 61, saamgelees met artikel 33, van die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet No. 56 van 1974), en in oorleg met die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika, die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

BYLAE

1. Woordomskrywing

In hierdie regulasies beteken **"die regulasies"** die Regulasies wat die bestek van die beroep sielkunde omskryf soos gepubliseer as Goewermentskennisgewing No. R. 993 van 16 September 2008.

2. Wysiging van die regulasies

Die regulasies word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende Aanhangsel.

AANHANGSEL

DIE BESTEK VAN DIE PRAKTYK VAN GEREGISTREERDE BERADERS

1. Bykomend tot die bestek van die beroep wat in die regulasies voorgeskryf word, hoort die volgende handelinge tuis by die bestek van die praktyk van geregistreerde beraders:

(a) Die verrigting van sielkundige sifting, sifting vir primêre geestestand en die basiese beraming van, en sielkundige ingrypings vir, individue met die doel om persoonlike funksionering te verbeter;

(b) die uitvoering van sielkundige beraming, uitgesonderd projektiewe neuropsigologiese en diagnostiese toetse;

(c) die verbetering van persoonlike funksionering deur die uitvoering van ondersteunende, aanvullende en roetine- sielkundige ingrypings;

(d) die identifisering van kliënte wat meer gesofistikeerde of gevorderde sielkundige beraming benodig en die verwysing van sodanige kliënte na geskikte beroepsmense;

(e) deelname aan beleidsformulering gegrond op verskeie aspekte van die sielkundeteorie en -navorsing; deelname aan die beplanning, bestuur en evaluering van sielkundegebaseerde programme in organisasies, insluitende maar nie beperk nie tot gesondheidsdienste, onderwysinrigtings, arbeidsorganisasies en korrektiewe dienste;

(f) die opleiding van en toesighouding oor ander geregistreerde beraders en praktisyns; die uitvoering van sielkundige praktyk en navorsing ooreenkomstig die etiese gedragsreëls vir praktisyns wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974, geregistreer is; en nakoming van die bestek van die praktyk van geregistreerde beraders;

(g) die uitvoering van navorsingsprojekte en verslagdoening daaroor; en

(h) die lewering van deskundige getuienis en/of oordeel.

DIE BESTEK VAN DIE PRAKTYK VAN PSIGOMETRISTE

2. Bykomend tot die bestek van die beroep wat in die regulasies voorgeskryf word, hoort die volgende handelinge tuis by die bestek van die praktyk van psigometriste:

(a) Die uitvoering van beramings, en die lewering van bydraes tot die ontwikkeling van sielkundige toetse en prosedures;

(b) die meting van sielkundige funksies, met inbegrip van kognisie, belangstelling, aanleg en persoonlikheid;

(c) die identifisering van kliënte wat meer gesofistikeerde of gevorderde sielkundige beraming benodig en die verwysing van sodanige kliënte na geskikte en geregistreerde beroepsmense; die verskaffing van terugvoering aan kliënte oor die resultate van sielkundige beramings;

(d) deelname aan beleidsontwikkeling ten opsigte van sielkundige beraming;

(e) deelname aan die beplanning, bestuur en evaluering van sielkundige beramingsprosedures in diverse omgewings en organisasies, insluitende maar nie beperk nie tot gesondheidsdienste, onderwysinrigtings, arbeidsorganisasies en korrektiewe dienste;

(f) deelname aan of die doen van behoefteontledings betreffende sielkundige beraming in diverse omgewings en organisasies, en die seleksie of samestelling van toepaslike toetsreekse;

(g) die opleiding van en toesighouding oor geregistreerde beraders en psigometriste in toesighoudingspraktyk in sielkundige meting;

(h) die uitvoering van sielkundige praktyk en navorsing ooreenkomstig die etiese gedragsreëls vir praktisyns wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974, geregistreer is; en nakoming van die bestek van die praktyk van psigometriste;

(i) die beplanning en uitvoering van navorsing wat bydra tot die ontwikkeling van sielkundige beramingsinstrumente, en verslagdoening oor sodanige navorsing; en

(j) die lewering van deskundige getuienis en/of oordeel.

DIE BESTEK VAN DIE PRAKTYK VAN KLINIESE SIELKUNDIGES

3. Bykomend tot die bestek van die beroep wat in die regulasies voorgeskryf word, hoort die volgende handelinge tuis by die bestek van die praktyk van kliniese sielkundiges:

(a) Beraming, diagnose en ingryping om kliënte by te staan wat lewensuitdagings hanteer, veral diegene met ontwikkelingsnood en vorme van sielkundige nood en/of psigopatologie; die identifisering van psigopatologie by psigiese versteurings en sielkundige toestande; die identifisering en diagnose van psigiese versteurings en sielkundige toestande; die toepassing van getuienisgebaseerde sielkundige ingrypings op mense met sielkundige en psigiese toestande; en die verwysing van kliënte na geskikte beroepsmense vir verdere beraming of ingryping;

(b) advies oor die ontwikkeling van beleide gegrond op verskeie aspekte van sielkundeteorie en -navorsing; die beplanning, bestuur en evaluering van programme wat handel met sielkundige en psigiese probleme;

(c) die opleiding van en toesighouding oor ander geregistreerde kliniese sielkundiges in kliniese sielkunde;

(d) die uitvoering van sielkundige praktyk en navorsing ooreenkomstig die etiese gedragsreëls vir praktisyns wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974, geregistreer is; en nakoming van die bestek van die praktyk van kliniese sielkundiges;

(e) die beplanning, bestuur en uitvoering van sielkundenavorsing, en verslagdoening en toesighouding daaroor; en

(f) die lewering van deskundige getuienis en/of oordeel.

DIE BESTEK VAN DIE PRAKTYK VAN VOORLIGTINGSIELKUNDIGES

4. Bykomend tot die bestek van die beroep wat in die regulasies voorgeskryf word, hoort die volgende handelinge tuis by die bestek van die praktyk van voorligtingsielkundiges:

(a) Beraming, diagnose en ingryping ten einde kliënte met lewensuitdagings en ontwikkelingsprobleme by te staan om psigiese welsyn te optimeer; die beraming van kognitiewe, persoonlikheids-, emosionele en neuropsigologiese funksies met betrekking lewensuitdagings en ontwikkelingsprobleme; en die beraming van ontwikkelingsprosesse (bv. beroepskeuse) en aanpassing;

(b) die identifisering van psigopatologie en die impak daarvan op ontwikkelingsprosesse en aanpassing; die identifisering en diagnose van aanpassingsversteurings; die toepassing van sielkundige intervensies op kliënte met ontwikkelingsuitdagings en aanpassingsprobleme; die uitvoering van terapeutiese voorligtingingrypings; en die verwysing van kliënte na geskikte beroepsmense vir verdere beraming of ingryping;

(c) advies oor die ontwikkeling van beleide gegrond op verskeie aspekte van sielkundeteorie en -navorsing; die beplanning, bestuur en evaluering van programme wat met ontwikkelings- en aanpassingsprobleme handel;

(d) die opleiding van en toesighouding oor ander geregistreerde voorligtingsielkundiges in voorligtingsielkunde;

(e) die beplanning, bestuur en uitvoering van sielkundenavorsing, en verslagdoening en toesighouding daaroor; die uitvoering van sielkundige praktyk en navorsing ooreenkomstig die etiese gedragsreëls vir praktisyns wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974, geregistreer is; en nakoming van die bestek van die praktyk van voorligtingsielkundiges; en

(f) die lewering van deskundige getuienis en/of oordeel.

DIE BESTEK VAN DIE PRAKTYK VAN OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGES

5. Bykomend tot die bestek van die beroep wat in die regulasies voorgeskryf word, hoort die volgende handelinge tuis by die bestek van die praktyk van opvoedkundige sielkundiges:

(a) Beraming, diagnose en ingryping ten einde menslike funksionering ten opsigte van leer en ontwikkeling te optimeer; die beraming van die kognitiewe, persoonlikheids-, emosionele en neuropsigologiese funksies van mense met betrekking tot leer en ontwikkeling waarin hulle opgelei is;

(b) die identifisering en diagnose van die psigopatologie met betrekking tot leer en ontwikkeling; die identifisering en diagnose van die hindernisse vir leer en ontwikkeling; die toepassing van sielkundige ingrypings om optimale leer en ontwikkeling te versterk, te bevorder en te fasiliteer; die uitvoering van terapeutiese ingrypings met betrekking tot leer en ontwikkeling; die verwysing van kliënte na geskikte beroepsmense vir verdere beraming en ingryping;

(c) die beplanning, bestuur en uitvoering van sielkundige navorsing oor leer en ontwikkeling, en verslagdoening en toesighouding daaroor; die uitvoering van sielkundige praktyk en navorsing ooreenkomstig die etiese gedragsreëls vir praktisyns wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974, geregistreer is; en nakoming van die bestek van die praktyk van opvoedkundige sielkundiges;

(d) advies oor die ontwikkeling van beleide gegrond op verskeie aspekte van sielkundeteorie en -navorsing; die beplanning, bestuur en evaluering van onderwysgebaseerde programme;

(e) die opleiding van en toesighouding oor ander geregistreerde sielkundige praktisyns in opvoedkundige sielkunde; en

(f) die lewering van deskundige getuienis en/of oordeel.

DIE BESTEK VAN DIE PRAKTYK VAN NAVORSINGSIELKUNDIGES

6. Bykomend tot die bestek van die beroep wat in die regulasies voorgeskryf word, hoort die volgende handelinge tuis by die bestek van die praktyk van navorsingsielkundiges:

(a) Die beplanning, ontwikkeling en die toepassing van sielkundenavorsingsmetodes; die doen van beramings wat tersaaklik is vir navorsingsontwikkeling en vir navorsingsdoeleindes, ook die ontwikkeling van psigologiese metings; en navorsing oor en die monitering en evaluering van sielkundige ingrypings;

(b) advies oor die ontwikkeling van beleide gegrond op sielkundeteorie en -navorsing; en die beplanning, bestuur en evaluering van metings- en ingrypingsprogramme;

(c) die opleiding van en toesighouding oor ander geregistreerde sielkundepraktisyns in navorsingsielkunde;

(d) die beplanning, bestuur en uitvoering van sielkundenavorsing, en verslagdoening en toesighouding daaroor; die uitvoering van sielkundige praktyk en navorsing ooreenkomstig die etiese gedragsreëls vir praktisyns wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974, geregistreer is; nakoming van die bestek van die praktyk van navorsingsielkundiges; en die verwysing van kliënte na geskikte beroepsmense vir beraming of ingryping; en

(e) die lewering van deskundige getuienis en/of oordeel.

DIE BESTEK VAN DIE PRAKTYK VAN BEDRYFSIELKUNDIGES

7. Bykomend tot die bestek van die beroep wat in die regulasies voorgeskryf word, hoort die volgende handelinge tuis by die bestek van die praktyk van bedryfsielkundiges:

(a) Die beplanning, ontwikkeling en die toepassing van paradigmas, teorieë, modelle, konstrukte en die beginsels van sielkunde in die werkplek ten einde individuele, groeps- en organisatoriese gedrag doeltreffend te verstaan, te verander en te versterk;

(b) die uitvoering van psigometriese en ander beramings ten einde die potensiaal en/of geskiktheid vir opleiding, ontwikkeling en indiensneming vas te stel en om individuele, groeps- en organisatoriese doeltreffendheid te bepaal; die verwysing van kliënte na geskikte beroepsmense vir beraming en ingryping; die ontwerp, ontwikkeling, standaardisering en implementering van beramingsinstrumente en -prosedures wat met die werkomgewing verband hou;

(c) die fasilitering van individuele en groepsprosesse vir doeltreffende organisatoriese funksionering; die beplanning en implementering van opleidingsprogramme vir doeltreffende organisatoriese funksionering; die beplanning en ontwikkeling van strategieë in verbruikersgedrag; die ontwikkeling van ingrypings om swak prestasie in werkomgewings te verbeter; en die beplanning en implementering van programme gegrond op 'n begrip van die ergonomika;

(d) advies oor die ontwikkeling van beleide gegrond op sielkundeteorie en -navorsing; en die beplanning, bestuur en evaluering van bedryfsielkunde-ingrypingsprogramme;

(e) die opleiding van en toesighouding oor ander geregistreerde sielkundepraktisyns in bedryfsielkunde;

(f) die uitvoering van sielkundige praktyk en navorsing ooreenkomstig die etiese gedragsreëls vir praktisyns wat kragtens die Wet op

Gesondheidsberoepe, 1974, geregistreer is; en nakoming van die bestek van die praktyk van bedryfsielkundiges;

(g) die beplanning, bestuur en uitvoering van bedryfsielkundenavorsing, en verslagdoening en toesighouding daaroor; en

(h) die lewering van deskundige getuienis en/of oordeel.

DIE BESTEK VAN DIE PRAKTYK VAN NEUROPSIGOLOË

8. Bykomend tot die bestek van die beroep wat in die regulasies voorgeskryf word, hoort die volgende handelinge tuis by die bestek van die praktyk van neuropsigoloë:

(a) Die beraming en diagnose van en ingryping in die psigiese versteurings van mense wat neuropatologie of aangetaste funksionering van die sentrale senustelsel ervaar; die diagnose en evaluering van psigiese versteurings wat deur neurologiese toestande veroorsaak word en die onderskeiding daarvan van ander psigiese en nieneurologiese versteurings; behandeling vir en rehabilitasie van die psigiese versteurings waaraan mense met wanfunksionering van die sentrale senustelsel ly; en die verwysing van kliënte na geskikte beroepsmense vir verdere beraming of ingryping;

(b) advies oor beleidsontwikkeling gegrond op die neuropsigologieteorie en -navorsing; en die beplanning, bestuur en uitvoering van neuropsigologienavorsing, en verslagdoening en toesighouding daaroor;

(c) die opleiding van en toesighouding oor ander geregistreerde sielkundepraktisyns in neuropsigologie;

(d) die uitvoering van sielkundepraktyk en -navorsing ooreenkomstig die etiese gedragsreëls vir praktisyns wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974, geregistreer is; en nakoming van die bestek van die praktyk van neuropsigoloë; en

(e) die lewering van deskundige getuienis en/of oordeel.

DIE BESTEK VAN DIE PRAKTYK VAN FORENSIESE SIELKUNDIGES

9. Bykomend tot die bestek van die beroep wat in die regulasies voorgeskryf word, hoort die volgende handelinge tuis by die bestek van die praktyk van forensiese sielkundiges:

(a) Die uitvoering van sielkundige beramings, diagnoses en ingrypings; en die verwysing van kliënte na geskikte beroepsmense vir verdere beraming of ingryping;

(b) die verskaffing van terapeutiese ingrypings;

(c) advies oor die ontwikkeling van beleide gegrond op die teorie en navorsing van forensiese sielkunde;

(d) die beplanning, bestuur en evaluering van programme en ingrypings wat op die forensiese sielkunde gegrond is; en die beplanning, bestuur en uitvoering van navorsing in forensiese sielkunde, en verslagdoening en toesighouding daaroor;

(e) die opleiding van en toesighouding oor studente, interns en ander geregistreerde sielkundepraktisyns in forensiese sielkunde;

(f) die uitvoering van sielkundige praktyk en navorsing ooreenkomstig die etiese gedragsreëls vir praktisyns wat kragtens die Wet op Gesondheidsberoepe, 1974, geregistreer is; en nakoming van die bestek van die praktyk van forensiese sielkundiges; en

(g) die lewering van deskundige getuienis en/of oordeel.

DR A MOTSOALEDI
MINISTER VAN GESONDHEID
DATUM: